Munisipaliteit
Munisipaliteit/verw/
Umasipala/ref: 15/3/6-12/Erf_513

Navrae/Enquiries:
Mnr HL Olivier

20 Januarie 2016

Anton Mitchell Land Surveyors
Posbus 536
Yzerfontein
7351

Per Geregistreerde Pos

Meneer/Dame

VOORGESTELDE ONDERVERDELING VAN ERF 513, RIEBEEK WES

U aansoek ontvang 6 November 2015 rakende die bogenoemde het betrekking.

A Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 7.25 gedateer 13 Mei 2015 aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 69(1) van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015) word die aansoek om onderverdeling van erf 513, Riebeek Wes, ingevolge artikel 60 van die Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015), goedgekeur, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1. STADSBEPLANNING EN BOUBEHEER

(a) dat erf 513 (groot 1432m²), onderverdeel word in 'n restant (groot ±707m²) en gedeelte A (groot ±725m²)
(b) dat kennis geneem word dat hierdie goedkeuring ingevolge artikel 66 (2)(w) van Swartland Munisipaliteit se Verordening insake Grondgebruiksbeplanning (PG 7420 van 3 Julie 2015 slegs geldig is vir 'n tydperk van 5 jaar.

2. WATER

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte wateraansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op bouplanstadium van toepassing;

3. RIOOL

(a) dat elke onderverdeelde gedeelte van 'n aparte rioolaansluiting voorsien word. Hierdie voorwaarde is op onderverdelingstadium van toepassing;

4. STRATE EN STORMWATER

(b) dat die beperkte toegang vir motorvoertuie tot die erf reggestel moet word deur die groot bloekomboom te verwyder of die erfgrense te wysig.
(c) dat die eienaar van die onderverdeelde gedeelte self die stormwatersloot wat die erf kruis onderhou.

Rig asseblief alle korrespondensie aan die Munisipale Bestuurder:
Privaatsak X52
Malmesbury 7299
Darling **Tel** 022 492 2237

Tel 022 487 9400
Faks/Fax 022 487 9440
E-pos/E-mail swartlandmun@swartland.org.za
www.swartland.org.za
Moorreesburg **Tel** 022 433 2246

Kindly address all correspondence to the Municipal Manager:
Private Bag X52
Malmesbury 7299
Yzerfontein **Tel** 022 451 2366

5. VULLIS

(a) dat 'n basiese vullisverwyderingstarief vir elke bebouide of onbebouide erf gehef word;
(b) dat die vullis in swartsakke op die naaste munisipale sypaadjie op oggend van verwydering geplaas word;

6. KAPITAALBYDRAE

(a) dat die eienaar / ontwikkelaar kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater ten bedrae van R7 557.06 (R10 795.80 x faktor 0.7 vir med digtheid). Hierdie kapitale bydrae is betaalbaar aan Swartland Munisipaliteit op uitklaringstadium. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word en is betaalbaar teen posnommer 50-80-75-72-7990;
(b) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v paaie ten bedrae van R 8 140-74 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie Bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6210 en is geldig vir die finasiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word.
(c) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v stormwater ten bedrae van R 4 156-44 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie Bedrag is betaalbaar teen posnommer 71-82-86-00-6200 en is geldig vir die finasiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word.
(d) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v water ten bedrae van R 11 305-38 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie Bedrag is betaalbaar teen posnommer 77-92-86-00-6200 en is geldig vir die finasiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word.
(e) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v riool ten bedrae van R 6 775-02 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie Bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6200 en is geldig vir die finasiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word.
(f) dat die vaste kapitaalbydrae t.o.v afvalwater behandeling ten bedrae van R 7 182-00 per nuutgeskepte gedeelte aan hierdie munisipaliteit op uitklaringstadium gemaak word. Hierdie bedrag is betaalbaar teen posnommer 59-76-86-00-6220 en is geldig vir die finasiële jaar van 2015/2016 en kan daarna hersien word.
(g) dat ingevolge die Raadsbesluit gedateer Mei 2015 daar 'n 40% korting is op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is geldig vir die finansiële jaar van 2014 / 2015 en kan daarna hersien word;

7. ALGEMEEN

(a) dat enige verskuiwing van water en/of rioolgeleidings oor die betrokke onderverdeelde gedeeltes vir koste van die eienaar/ontwikkelaar sal wees;
(b) dat enige water- en/of rioolverbinding tussen die onderverdeelde gedeeltes van mekaar ontkoppel en verwyder word;
(c) dat indien dit nodig sou wees om enige bestaande dienste op te gradeer, ten einde die onderverdeelde gedeelte van diensaansluitings te voorsien sal dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar wees;
(d) dat die wettike sertifikaat wat oordrag van enige onderverdeelde gedeelte ingevolge Artikel 28 Verordening insake Grondgebruiksbeplanning van Swartland Munisipaliteit (PG 7420 van 3 Julie 2015), magtig, nie uitgereik sal word alvorens daar aan die relevante voorwaardes voldoen is nie.

Die uwe

MUNISIPALE BESTUURDER
per Departement Ontwikkelingsdienste

HLO/ds

Afskrif : Die Landmeter-Generaal, Privaatsak X9028, Kaapstad, 8000

W Pietersen, Posbus 529, Riebeek Wes, 7306

Die Bestuur, Eskom, Privaatsak X72, Malmesbury, 7299

Direkteur : Siviele Ingenieursdienste

Direkteur : Finansiële Dienste

Voorgestelde onderverdeling van erf 513 Riebeek Wes in:

(1) Gedeelte 1 , groot 725 vk. m. en

(2) Restant , groot 707 vk.m.

gelee in die Swartland Munisipaliteit Administratiewe Distrik Malmesbury

Skaal 1:400

Nota: Afmetings is benaderd en kan verander tydens opmeting



SWARTLAND MUNISIPALITEIT
SWARTLAND MUNICIPALITY

Onderverdeling toegestaan in terme van artikel 60 van die Grondgebruik Beplanning Verordening (PK 7425 van 10 Julie 2015), onderhewig aan voorwaardes.

Subdivision granted in terms of section 60 of the Land Use Planning By-Law (PN 7425 of 10 July 2015), subject to conditions.

19/01/2016
DATUM
DATE

MUNISIPALE BESTUURDER
MUNICIPAL MANAGER